Begin vandag nog finansieel verantwoordelik te wees en leer jou kinders in die proses om ook geldslim te wees.

DEUR RAYLENTIA SIMMONS

GOED MET GELD

Dit kos baie geld om kinders groot te maak en selfs later in hul jong volwasse lewens finansieel te ondersteun as jy die beste vir hulle wil hê. Van die oomblik wat daai bondeltjie in die wêreld kom tot lank ná hulle skool klaargemaak het, moet ouers hul hande diep in die sak steek vir noodsaaklikhede én luukshede.

Ongelukkig is die realiteit dat baie ouers raap en skraap om net deur die maand te kom. Iemand wat eerstehands gesien het hoe haar enkelma met haar en haar drie sibbe se behoeftes sukkel, is Jean Archary (47) van Johannesburg, 'n ma, finansiële welstand-coach en skrywer van die boek *Mrs Spiggles and her money tales*. In haar boek deel sy belangrike geldlesse met kinders.

Jean sê sy het die swaarkry gesien wat haar ma moes deurmaak. Daarom maak sy dit vandag haar werk om ander ma's én kinders te help om goeie geldbesluite te maak.

"Dis swaar daarbuite. Ek het in my eie lewe ook finansiële uitdagings gehad. Ons word nie op skool geleer hoe om geld te bestuur nie en dit is 'n groot probleem. Maar selfs al leer ons mense hoe om hul geld te bestuur, het hul verhouding met geld – hul gedagtes en gevoelens – ook 'n invloed op hul gedrag," verduidelik Jean.

"Daarom is die eerste ding wat ons in ag moet neem ons ingesteldheid. Ons moet fokus op oplossings en nie die eintlike probleme nie. Ek weet dis makliker gesê as gedaan, veral wanneer geldsake moeilik is. Maar as ons aanhou om op die probleem te fokus, gaan ons nooit die geleentheid of oplossings sien nie."

REGERING SE TOELAE

Dít is iets wat pensioenaris Elizabeth Mitchell (69) van Macassar buite Kaapstad elke dag leef. Sy maak haar twee kleinkinders groot en dit is nie aldag maklik om met haar geld uit te kom nie. "Ek sorg vir my kleinkinders, want hul ouers worry nie. Ek is reeds besig met die maatskaplike werkers oor die saak," vertel sy.

Elizabeth en haar kleinkinders leef van hul Sassa-toelae – sy kry 'n voog-toelaag vir Marlin (15) en gewone Sassa-kindertoelaag vir Liezle (8). "Ons het baie ups en downs en die kinders het baie goed nodig, maar ons moet maar deurdruk. Ek moet mooi budget om by alles uit te kom."

Daar is verskillende soorte staatstoelae waarvoor mense kan aansoek doen: ouderdomspensioen (60 – 74 jaar, R1 890 en 75+ R1910); voog-grant (R1 050); kindertoelae (R460); care dependency grant of kinders met gestremdhede wat voltydse sorg nodig het (R1 890).

Elizabeth sê die Sassa-geld is hul enigste inkomste, daarom is daar 'n paar dinge wat sy doen om geld te bespaar. "As dit by kos kom, koop ek op grootmaat specials by Shoprite dan hou dit vir twee maande. Om klein te koop, kos baie meer geld. Vir die kinders se skoolgoed lay-by ek by Pep Stores en betaal dit af. Skoolklere koop ek by die skool, want dis goedkoper," is haar raad.

Jean verduidelik daar is baie uitgawes vir die verskillende fases waardeur kinders gaan: Baba tot kleuter: Die grootste uitgawe is nappies en dagsorg.

Pre- en primêre skool: Skoolklere, skoolgeld, skryfbehoeftes, vervoer en kos vir die broodblik is van die grootste uitgawes in hierdie fase.

Hoërskool: Skoolklere, skoolgeld, vervoer, lunch, buitemuurse aktiwiteite en tegnologie is die grootste uitgawes.

Tersiêr of ná skool: Studiegeld, vervoer, sakgeld, akkommodasie (as hulle nie by die huis bly nie) en handboeke is van die grootste onkostes vir jong volwassenes.

Jean se raad vir hoe om te beplan vir die verskillende fases:

- Soek specials by winkels wanneer dit kom by nappies, skryfbehoeftes en skoolklere.
- Vir dagsorg moet jy ook rondkyk, want jy soek 'n betroubare, maar goedkoop dagsorg. Kyk na dagmoeders in plaas van crèches.
- Koop die skooluniform en handboeke tweedehands. Gesels met ouers van ouer kinders by die skool en koop direk by hulle voor die skooljaar eindig.
- Leer jou kinders om verantwoordelik te wees met hul besittings, want as dit aanmekaar wegraak of gebreek word, kan dit 'n duur saak word vir ouers.
- Koop kosgoed in grootmaat en kyk vir specials.
- Carpool met ander ouers en maak beurte om mekaar se kinders op of af te laai.
- As jy sukkel met skoolfooie, kontak die skool om te hoor of daar scholarships is.
- As jy weet jou kind wil gaan studeer, doen jou huiswerk oor beurse en studielenings. Studente kan ook deeltyds werk – waitering, karre was, jong kinders tutor, of influencers word – om van hul uitgawes te dek.

Jean het ook raad vir voornemende ouers wat beplan om met 'n gesin te begin.

"Die koste van opvoeding is hoog en jy en jou maat moet daaroor praat. Dit sal ook bepaal hoeveel kinders julle kan bekostig."

RAAD VIR AS JY SPAAR

Vir alle ouers wat wil spaar, is daar 'n paar opsies om te oorweeg. "Daar is heelwat beleggings- en spaaropsies soos effektetrusts, skenkings en belastingvrye spaarrekenings. Die opsie wat 'n ouer kies, hang af van die kind se ouderdom, hoeveel geld ouers kan spaar en wanneer jy toegang tot die geld wil hê. Ouers moet ook dink aan lewensdekking wat vir hul kinders se behoeftes sal sorg in die geval van hul dood, gestremdheid of siekte," beveel sy aan.

Ouers met kinders met spesiale behoeftes, trek netso swaar of soms swaarder omdat hul kinders spesiale sorg of skole moet kry. Therese Fredericks (34) van die Paarl buite Kaapstad is 'n maatskaplike werker by 'n NGO waar sy daagliks ander ouers en kinders help met hul probleme. Maar dis in haar eie lewe wat sy ook met die moeilike kant van die lewe moet cope.

Therese se negejarige seun, Mickyle, is outisties en sy sukkel met die hoë kostes van die privaat skool waar hy tans is. "Daar is nie gewone skole vir special needs kinders nie, so ek het nie 'n ander keuse gehad as om hom in 'n privaat skool te sit nie. Behalwe die skoolfooie, is daar baie ekstras wat ook bykom wat ek moet betaal."

Sy probeer om hom nou in 'n goedkoper skool in te kry, maar daar is 'n waglys.

"Omdat ek vir 'n NGO werk, kry mens mos maar nie 'n groot salaris nie en die meeste van my geld gaan na Mickyle se skool." Wat haar wel help om geld te spaar, is die feit dat sy by haar ouers bly.

Therese voeg by dat sy in haar werk te doen kry met behoeftige ma's met kinders met spesiale behoeftes of gestremdhede, maar die enigste uitweg vir hulle is om aansoek te doen vir die care dependency grant van die staat.

As ouers steeds sukkel om kop bo water te hou, moet hulle na maniere kyk om hul inkomste aan te vul met 'n side hustle of om hulself te upskill, sê Jean. "As jy nie werk nie, kyk hoe jy jou CV kan opdateer en reik uit na mense. Byvoorbeeld, as werkende ouers sukkel om by alles uit te kom of na hul kinders om te sien, help uit of verkoop tuisgemaakte kos aan die besige ouers. Dit kan later 'n besigheid word. Moenie opgee as jy onsuksesvol is nie."

Finansiële verantwoordelikheid begin by ouers en dit is nooit te vroeg om jou kinders te leer om geldslim te wees nie. Jy sit dalk nie met erfgeld of 'n stewige bankbalans nie, maar dis nooit te laat om die eerste stap na finansiële vryheid te neem nie. Gaan praat met 'n finansiële adviseur en begin vandag nog.

> **"Maar selfs al leer ons mense hoe om hul geld te bestuur, het hul verhouding met geld ook 'n invloed op hul gedrag."**
>
> *JEAN ARCHARY*

OPSIES VIR OUERS

Vrystelling van skoolfooie:
Ouers kan by die skole aansoek doen vir volle of gedeeltelike kwytskelding, maar daar is sekere vereistes waaraan jy moet voldoen.

Volgens die SA Skolewet is dit onwettig om skoolgeld te vra van 'n leerder:

- wat 'n weeskind in 'n weeshuis is;
- wat 'n weeskind in 'n huishouding is waarvan 'n kind die hoof is;
- wat deur 'n pleegouer versorg word;
- wat in 'n jeugsorgsentrum of 'n veiligheidsoord geplaas is;
- wat in 'n familielid se sorg geplaas is;
- of wie se ouer 'n maatskaplike toelaag (soos 'n kindersorgtoelaag) namens die betrokke leerder ontvang.

Belastingvrye spaarrekening (tax-free account)
Jy kan R36 000 per jaar belastingvry spaar – tot R500 000 in jou leeftyd. Jy het 'n minimum van R1 000 nodig om 'n rekening oop te maak.

Beurse
Die nasionale NSFAS-beurskema van die departement van hoër onderwys en opleiding is beskikbaar aan diegene wat nie9 kan betaal vir hul studies of toegang het tot studielenings of privaat beurse nie. Besoek nsfas.org.za of bel 08000 67327 vir nog inligting.

FOTO: GALLO IMAGES/GETTY IMAGES **BYKOMENDE BRONNE:** HTTPS://FINANSIES.SOLIDARITEIT.CO.ZA/WE-HOEF-NIE-SKOOLGELD-TE-BETAAL-NIE-2/; HTTPS://WWW.MONEYWEB.CO.ZA/FINANCIAL-ADVISOR-VIEWS/10-WAYS-TO-MAXIMISE-THE-BENEFITS-OF-YOUR-TAX-FREE-SAVINGS-ACCOUNT/